# DIE SKIETLOOD

232e Uitgawe 15 November 2024
saam met Koersvas 231

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.

Na die inleidende opmerkings rakende Troos, beweeg die Kategismus nou na die eerste deel van die noodsaaklike kennis: Die ellende van die mens.

**DIE EERSTE DEEL:**
**DIE ELLENDE VAN DIE MENS**
**(SONDAG 2-4)**
**SONDAG 2**

***Vraag 3:*** *Waaruit ken jy jou ellende?*

***Antwoord:*** *Uit die wet van God (Romeine 3: 20).*

**Kommentaar**

Vraag: Tegnies moet die vraag in aansluiting by vraag 2 ("*hoe groot my sonde en ellende is*") verwys na die sonde en ellende van die mens. Die vraag is eenvoudig. Sonde en ellende is aan mekaar verbind en die vraag na ellende omvat die somtotaal van sonde se impak, dit sluit in sonde, straf vir sonde en gevolge van sonde. Die vraag impliseer ook ander sake van belang; die sondeval, die mens se vrye wil en keuse, die mens as sterflike skepsel wat aan die skepping uitgelewer is. "Ellende" in die vraag verwys na ons toestand en die oorsprong van daardie toestand.

"Ellende" verwys na die skuld van die mens en die welverdiende straf op die sonde. Dit verwys na die bedoelde, die toevallige, die onvermydelike gevolge van dade - beplan en spontaan.

Antwoord: Die mens se ellendige toestand na die sondeval omvat die sondige, god-vervreemde innerlike bestaan van die mens, en die uiterlike feitelikheid van oordeel en straf. Dit is in die Wet van God waar hierdie jammerlike situasie uitgewys word. Romeine 3:20 "Daarom sal geen mens op grond van wetsonderhouding deur God vrygespreek word nie; inteendeel, deur die wet leer 'n mens wat sonde is." Deuteronomium 27:26 "Daar rus 'n vloek op elkeen wat nie hierdie wet onderhou en nie daarvolgens lewe nie! "Dan moet die hele volk antwoord: 'Amen!' "

Die volgende twee vrae gaan op hierdie kennis uitbrei:

***Vraag 4****: Wat eis die wet van God van ons?*

***Antwoord:*** *Dit leer Christus ons samevattend in Matteus 22: 37-40: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.' In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat. (Deuteronomium 6:5 - Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag.) (Levitikus 19:18 - Jy mag nie wraak neem of 'n grief koester teenoor jou volksgenoot nie, jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Ek is die Here.) (Markus 12:30 - Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag.'; Lukas 10:27 - Hy antwoord: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag en met jou hele verstand, en jou naaste soos jouself.")*

**Kommentaar**

Vraag: Sodra ons weet waar ons kan leer, is die logiese volgende stap om hierdie

bron te ondersoek vir antwoorde. Sonder om in gesprek met relatiwiste betrokke te raak, moet dit tog duidelik gestel word dat hier nie verwys word na 'vra' of 'versoek' nie, die woord 'eis' word gebruik.

Antwoord: *Deuteronomium 6:5 - Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag. Levitikus 19:18 - Jy mag nie wraak neem of 'n grief koester teenoor jou volksgenoot nie, jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Ek is die Here.*
Hierdie twee gedeeltes word gebruik in die opsomming van die Wet. Hoe moet die saak interpreteer word? Om die Here met jou hele wese lief te hê is om Sy almag, Sy onbeperkte kennis, Sy ewigheid en al Sy ander eienskappe te erken.
Om Hom lief te hê, is om Hom raak te sien as die kroon van alle goedheid, om Sy onbeperkte goedheid en ongeëwenaarde deernis te eerbiedig en erken. Wanneer ons so na God kyk, sal ons daarna strewe om Hom in alles te gehoorsaam, en sal ons bereid wees om alles op die spel te plaas om te verseker dat ons nie 'n enkele ding doen wat Hom nie behaag nie. Ons sal daarna strewe om op geen manier van Hom verwyderd te wees nie, nie eens in die mees minuskule van sake nie.
Hierdie liefde is 'n alles verterende begeerte om met die volheid van menswees tot Hom alleen gerig te wees. Jou hele hart beteken jou menswees in alle aspekte. Geen deel van jou syn is uitgesluit nie.
Hierdie liefde vir God bo alles impliseer nie dat dit die somtotaal van ons liefde is nie. Liefde vir die naaste is as gevolg van ons gehoorsaamheid en God, is met ander woorde die produk van ons liefde vir God.

Liefde vir God is die eerste gebod, maar nie die enigste nie, dit is die beginpunt van alles. Al is die liefde vir God alles-oortreffend, skep dit juis die ruimte en moontlikheid om lief te wees vir ons naaste.
Jou liefde vir God sluit alle aspekte van jou menswees in, liggaam siel en gees. Dit sluit in bewustelike en onbewuste dade en gevoelens. Selfs ons self-aanwending word hierby ingesluit deur te stel dat ons met al ons krag vir God lief moet wees.
Die volle prisma van menslike nuanses (sigbaar en onsigbaar) word betrek by die opdrag om vir die bron van alle goedheid lief te wees. God self is die bron van liefde en verdien alle erkenning daarvoor.
Hierdie liefde moet reg verstaan word. Dit is nie teenoor geloof nie; daar is diegene wat liefde bo geloof wil stel, wat liefde as die regverdig-maker wil beskou. God se liefde vir ons is wel die motivering vir ons regverdigmaking. Dit ontvang ons in geloof en dit roep ons tot liefde. Anders gestel; geloof is die bronwel van ons liefde.
Liefde vir die naaste is die logiese gevolg van liefde vir God, en net soos liefde vir God, is liefde vir die naaste die gevolg van geloof. Die mens wat vir God lief is, word logies genoop tot liefde vir die naaste. Dit is die tweede gebod en dit vergestalt die verhouding soos in die tweede tafel voorgehou. Met ander woorde, die opdrag om jou naaste lief te hê soos jouself, roep gelowiges om die tweede tafel van die Wet uit te leef.
Ursinus is oortuig die twee gebooie van liefde is soortgelyk in terme van drie sake.

- Beide gebooie vereis morele en geestelike toewyding van die self, nie formele of oppervlakkige handelinge nie.

• Beide se straf is dieselfde, te wete ewige verdoemenis.
• Beide gebooie is aan mekaar verbind - handhawing van die een impliseer handhawing van die ander.

Aan die ander kant verskil die twee objekte van hierdie liefde ook in terme van drie sake van mekaar.

• Die geliefdes is God en die naaste.
• Die oorsaak en gevolg verbintenis is een rigting: Liefde vir God lei tot liefde vir die naaste. Liefde vir die naaste spruit uit liefde vir God, nie andersom nie. Liefde vir God lei daartoe dat ons ons naaste sal liefhê. Sonder geloof is die liefde wat mense vir mekaar het aards-gebonde en dit kan nooit lei tot liefde vir God nie.
• Die maat van liefde verskil. Ons staan met ons hele menswees in vir ons liefde tot God. Ons naaste het ons so lief soos ons onsself het.

***Vraag 5:*** *Kan jy dit alles ten volle nakom?*

***Antwoord****: Nee (Romeine 3:10, 20, 23; 1 Johannes 1:8,10), want ek is van nature geneig om God en my naaste te haat (Romeine 8:7; Efesiërs 2:3; Titus 3:3; Genesis 6:5; 8:21; Jeremia 17:9; Romeine 7:23.b).*

**Kommentaar**

Vraag: Hierdie vraag is deel van Sondag twee en vra na die mens se vermoë om die liefdesgebooie na te kom. Daar word duidelik aangedui dat die hele Wet, met al die implikasies (wat nie almal in die kommentaar genoem is of geken kan word nie) ten volle na nagekom moet word. Die 'alles' en 'ten volle' dui op die absolute eis wat gestel word. Die suiwerheid van die Wet word geweeg teen ons vermoë om rein en suiwer te leef en te dink. Deur ons denke en optredes met die eise van Wet te vergelyk, kom ons agter dat ons onder die straf tuishoort; aangesien ons baie vêr tekort skiet. Die Wet vra perfekte liefde, ons kan as feilbare, sterflike skepsels nooit die paal haal nie.

Antwoord: Die eenvoudige kort antwoord op die vraag na ons vermoë om perfekte liefde te gee, is "nee". Ons kan maar net Romeine 3:10 se woorde eggo; “Daar is nie een wat regverdig is nie, selfs nie een nie." Ons kan nie God eer nie, ons haat God en ons wil ons naaste vernietig. Ons leer in Romeine 8:7-8 *'die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, is immers vyandskap teen God. Die sondige natuur onderwerp hom nie aan die wet van God nie, dit kan trouens ook nie. Dié wat hulle deur hulle sondige natuur laat beheers, kan nie die wil van God doen nie."*

Die mens se natuur is anders as wat ons sou wou erken. Die mens se geneigdheid tot haat is in die diepste wese van menswees ingeëts. Ons eie gewetes kla ons aan, spreek ons aan, herinner ons aan die logiese gevolge - die oordeel van God. Ons is almal saam verdoem tot die ewige oordeel..